

9

Só dien ons mekaar in die kerk Gawes, diensbaarheid, barmhartigheid

ONS DOELWIT

Die jongmense moet in staat gestel word om hul geestelike gawes in die gemeente te gaan uitleef.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die jongmense moet weet –

- wat die bedoeling, omvang en betekenis van gawes vir die gemeente is;
- dat gawes deur die Heilige Gees aan mense gegee word;
- waarom God aan hulle spesifieke gawes gegee het;
- dat gawes nie noodwendig buitengewone vermoëns en sterkpunte behels nie;
- dat gawes aangebore, aangeleer of deur lewenservaring versamel kan wees; en
- dat gawes altyd gegee word tot eer van God en in belang van mense.

Gesindheid

Die jongmense moet –

- bereid wees om hul gawes te ontdek; en
- dankbaar wees dat hulle gawes ontvang het.

Vaardigheid

Die jongmense moet –

- begelei word om hul gawes te ontdek;
- begelei word om hul gawes te gebruik tot eer van God en in belang van mense; en
- ervaar wat dit beteken om deur ander mense se gawes gedien te word.

EK BREI MY EIE KENNIS UIT

Oor die gawes van die Heilige Gees is daar in ons tyd baie verskillende menings en opinies en uitgangspunte. Dit lyk of dit ook die geval was in die tyd van die Nuwe Testament. Paulus sê in 1 Korintiërs 12: 1: *Wat die gawes van die Gees betref, broers, wil ek hê dat julle ingelig moet*

wees. Ons lees in die Nuwe Testament oor die gawes van die Gees, veral in Romeine 12: 1-8 en 1 Korintiërs 12: 1-30. Mense met die volgende gawes word in hierdie gedeeltes van die Bybel genoem:

- Profete.
- Apostels.
- Leraars.
- Mense wat –
 - diens lewer;
 - onderrig gee;
 - bemoedig;
 - lewensmiddele gee;
 - leiding gee; en
 - hulp verleen.
- Wyses.
- Kundiges.
- Gesondmakers.
- Wonderdoeners
- Oordeelkundiges.
- Talepraters.
- Taaluitleggers.

In ons gesprek oor gawes gaan ons die volgende beginsels beklemtoon:

Waar kom gawes vandaan?

Dit is baie belangrik om te weet dat gawes in die sin waarin Romeine en Korintiërs dit hierbo bedoel, altyd aan mense gegee word deur die Heilige Gees. Hierdie gawes is nooit 'n eie skepping of persoonlike prestasie nie. In 1 Korintiërs 12: 4 word pertinent gepraat van *genadegawes*. Die woord *genade* beteken *verniet* of *gratis*. Dit beteken dat hierdie gawes nooit verdien word as 'n rede om op onself te roem nie. Ons *ontvang* hierdie spesifieke gawes omdat God deur ons 'n doel daarmee wil bereik.

Wie ontvang almal gawes?

Wanneer ons aan gawes dink as talente of sterkpunte of buitengewone positiewe eienskappe, soos vinnig hardloop en ver spring, dan kan ons mense met mekaar vergelyk. Sekere mense het net eenvoudig meer talente as ander, of sekere mense is besonder begaaf en ander minder begaaf. 1 Korintiërs 12: 7 leer ons dat Bybelse gawes gegee word tot voordeel van almal. Elke afsonderlike gawe van die Gees is ook ewe belangrik, omdat elke kind van God 'n belangrike deel vorm van die liggaam van Christus. Die een met sy of haar gawe is nie belangriker as die ander met hul eie unieke gawes nie. Voor God is al sy kinders gelyk, en daarom maak die unieke gawe wat iemand het die een nie belangriker as die ander een nie.

Hoekom is daar verskillende gawes?

Romeine 12: 4-8 verduidelik God se Meesterplan met verskillende gawes. Die beeld van die liggaam verduidelik dat die verskillende dele daarvan 'n eenheid vorm. 'n Liggaam kan nie bestaan sonder elke afsonderlike deel daarvan nie. As die Heilige Gees afsonderlike gawes aan elkeen uitdeel, maak God seker dat die kerk van Christus oor 'n wye verskeidenheid gawes beskik sodat die hele liggaam, dit is die hele kerk, vir Hom diensbaar kan wees. Verskillende gawes vul mekaar aan en skep geleentheid om saam te werk en as 'n eenheid te funksioneer.

Die dinamiek van gawes in ons lewe

Ons bedoel soms met gawes 'n hele aantal goeie of positiewe eienskappe waarmee mense gebore word en wat hulle dan lewenslank besit. Bybelse gawes is egter baie meer dinamies as dit. Die Heilige Gees gee gawes op enige tyd van ons lewe soos dit nodig is in elke konteks.

Om sekere dinge te kan doen, kan van geboorte af vir mense gegee word, dit kan deel van iemand se menswees of geaardheid of persoonlikheid wees – hier praat ons gewoonlik van talente. Om sekere dinge te kan doen, kan ook aangeleer word. Dan praat ons van vaardighede. Iemand kan ook oor sekere kennis beskik. Dan noem ons dit kundigheid. Gelowiges en ongelowiges kan daarvoor beskik.

Die gawes in Romeine en Korintiërs, gawes van die Heilige Gees, is die gawes wat God ons om 'n spesifieke rede gee. Dit is om sy koninkryk te dien; om sy liefde aan alle mense bekend te stel en uit te deel.

Gawes word nie altyd net uit aangename, positiewe of buitengewone omstandighede gebore nie. Slegte ervarings of swaarkrytjies wat op iemand se pad kom, kan deur God positief omgekeer word, en Hy kan sekere vaardighede of gawes in iemand tot stand bring, waarmee iemand anders in 'n soortgelyke situasie bygestaan kan word.

Die dinamiek van die gawes wat God gee, is om sy koninkryk te laat kom, sy liefde te verkondig en namens Hom liefde uit te deel deur diens te lewer.

Die doel van gawes

Die tekste uit Romeine en 1 Korintiërs beklemtoon 'n baie belangrike feit oor die hoekom van gawes. Gawes van die Gees word uit genade aan mense gegee om God te verheerlik, om die kerk van Jesus Christus op te bou en om ander mense te dien. Indien 'n gawe nie aangewend word vir hierdie hoofdoelwitte nie, word dit bloot 'n talent of 'n goeie eienskap. As gelowiges moet ons onself daarom altyd afvra of ek die gawes wat ek ontvang het vir die regte doelwitte gebruik. Gawes laat my deel vorm van die liggaam van Christus sodat God my kan gebruik in sy koninkryk, en om daardeur sy doel met my lewe te bereik.

Hoe weet ons wat ons gawes is?

Die beste manier om te begin om ons gawes te ontdek, is wanneer ons by die lewe, die bediening, die aktiwiteite van die gemeente inskakel. Ons glo dat die Here ons na die gemeente geroep het omdat ons gawes daar nodig is sodat die hele gemeente as liggaam kan funksioneer. In verhoudings en die saamwerk met medegelowiges leer ons ons gawes ken en kom ons agter waarvoor ons 'n natuurlike aanvoeling het. Die Gees rus ons ook toe en lei ons om die plek te vind waar ons kan dien.

EK SPRING SELF AAN DIE WERK

Ek het nodig

- 'n Bybel.
- Genoeg spasie vir die groepsaktiwiteit wat op tafels gaan plaasvind.
- Vir elke groep van twee tot drie jongmense –
 - omtrent 100 stafies rou, lang spaghetti; en
 - tien groot *malvalekkers*.
- 'n Stophorlosie.

- 'n Maatband.
- Reël vooraf met iemand om af te sluit.

IN DIE GROEPBYEENKOMS

KOM ONS BEGIN

Lees die woorde van FLAM-lied 254 en open met gebed.

*God is hier en ons, sy kinders,
bring voor Hom ons lof, gebed.
Mag ons hier ontdek die rykdom
wat ons reeds in Christus het.
Hier kom ons met ons verskille,
al ons gawes en vermoë,
en U bind ons tot 'n eenheid
omdat ons in Jesus glo!*

*God is hier en in sy kudde
leer ons dat die Heer voorsien.
Hier kan ons ook daarop antwoord
soos ons leer om God te dien.
Hier is dienaars van die Dienskneg
in aanbidding bymekaar.
Hier leer ons wat dit beteken
om die boodskap uit te dra.*

*Here God, u kerk aanbid U
ook te midde van ons stryd,
in 'n tyd van haat en twyfel,
as getuies wêreldwyd.
Hier, vandag, ontvang ons loflied,
ons berou en ons gebed,
ons geloof in Jesus Christus,
U, die Here wat ons red.*

WAT KAN HULLE VAN VERLEDE WEEK ONTHOU EN WAT HET HULLE GEDOEN?

- Laat 'n paar van hulle vertel wat hulle saam met hul ouers geskryf het oor wat alles in 'n gemeente behoort te gebeur of gedoen behoort te word. Die volgende is moontlike antwoorde:
 - *Daar moet erediens gehou word met verstaanbare en lewendige liturgie.*
 - *Eredienste moet kindervriendelik wees.*
 - *Preke moet aktueel wees.*
 - *Daar moet gevoelvol en met oorgawe gesing word, ensovoorts.*
 - *Die sakramente moet bedien word.*
 - *Lidmate moet besoek word, veral in tye van nood, siekte, dood, ensovoorts.*
 - *Kinders moet gekatkiseer word.*
 - *Behoeftige mense moet versorg word, dankoffers moet ontgin word.*
 - *Bybelstudie moet gehou word.*

- *Daar moet gesellige sosiale samekomste, ensovoorts, wees.*
- Laat 'n paar van hulle vertel –
 - watter van bogenoemde in hul gemeente goed gedoen word.
 - watter van bogenoemde in hul gemeente opgeknep moet word.
 - wat hulle persoonlik gaan doen om verbetering te bring.
- Kontroleer of hulle by www.nhka.org na bykomende inligting oor hierdie tema gaan soek het.
- Laat 'n paar van hulle die teksvers wat vir hulle die mooiste is in 1 Korintiërs 13, opsê.

VANDAG GAAN ONS DIE VOLGENDE ONS EIE MAAK

BEGIN SO

- Indien daar genoeg jongmense is, verdeel in kleiner groepe van twee of drie en laat hulle die volgende vrae bespreek:
 - Van watter gawes van die Gees het julle al gehoor?
 - Dink julle alle mense ontvang gawes van die Gees?
 - Ontvang party gelowiges meer gawes as ander?
 - Is gawes net sigbaar wanneer mense uitblink of presteer?
 - Op watter ouderdom dink julle ontvang mense gawes?
 - Hoe ontdek mense die gawes wat hulle ontvang het?
- Kom weer in die groot groep saam en laat elke groep terugrapporteer.

WAAROP VAL DIE KLEM VANDAG?

Behandel EK BREI MY EIE KENNIS UIT hierbo en plaas klem op die volgende:

Ons lees in die Nuwe Testament oor die gawes van die Gees, in Romeine 12: 1-8 en 1 Korintiërs 12: 1-30. Mense met die volgende gawes word hier genoem:

- Profete.
- Apostels.
- Leraars.
- Mense wat –
 - diens lewer;
 - onderrig gee;
 - bemoedig;
 - lewensmiddele gee;
 - leiding gee; en
 - hulp verleen.
- Wysies.
- Kundiges.
- Gesondmakers.
- Wonderdoeners
- Oordeelkundiges.
- Talepraters.
- Taaluitleggers.

Waar kom gawes vandaan?

Die woord *gawe* gee die antwoord. Dit is iets wat vir jou gegee word. Bogenoemde gawes word deur die Heilige Gees gegee. Dit is nie eie skeppings of persoonlike prestasies nie.

Wie ontvang almal gawes?

1 Korintiërs 12: 7 leer ons dat daar aan gelowiges gawes gegee word tot voordeel van almal. Alle gawes van die Gees is ewe noodsaaklik vir die funksionering van die liggaam van Christus. Daarom is alle lidmate met hul unieke gawes ewe belangrik in die gemeente.

Hoekom is daar verskillende gawes?

Die Heilige Gees deel verskillende gawes aan verskillende lidmate uit sodat die hele gemeente in alle fasette in stand gehou kan word.

Die dinamiek van gawes in ons lewe

Om sekere dinge te kan doen, kan van geboorte af vir mense gegee word, dit kan deel van iemand se menswees of geaardheid of persoonlikheid wees – hier praat ons gewoonlik van talente. Om sekere dinge te kan doen, kan ook aangeleer word. Dan praat ons van vaardighede. Iemand kan ook oor sekere kennis beskik. Dan noem ons dit kundigheid. Gelowiges en ongelowiges kan daarvoor beskik.

Bybelse gawes is egter baie meer dinamies as dit. Die gawes in Romeine en Korintiërs, gawes van die Heilige Gees, is die gawes wat God ons om 'n spesifieke rede gee. Dit is om sy koninkryk te dien; om sy liefde aan alle mense bekend te stel en uit te deel.

Gawes word nie altyd net uit aangename, positiewe of buitengewone omstandighede gebore nie. Slegte ervarings of swaarkrytjies wat op iemand se pad kom, kan deur God positief omgekeer word, en Hy kan sekere vaardighede of gawes in iemand tot stand bring, waarmee iemand anders in 'n soortgelyke situasie bygestaan kan word.

Die dinamiek van die gawes wat God gee, is om sy koninkryk te laat kom, sy liefde te verkondig en namens Hom liefde uit te deel deur diens te lewer.

Die doel van gawes

Gawes van die Gees word gegee om God te verheerlik, om die kerk van Jesus Christus op te bou en om ander mense te dien.


Hoe weet ons wat ons gawes is?

Die beste manier om te begin om ons gawes te ontdek, is wanneer ons by die *lewe*, die bediening, die aktiwiteite van die gemeente inskakel. In verhoudings en die saamwerk met medegelowiges leer ons ons gawes ken en kom ons agter waarvoor ons 'n natuurlike aanvoeling het. Die Gees rus ons ook toe en lei ons om die plek te vind waar ons kan dien.

ONS BESPREEK EN SKERP IN WAT ONS VANDAG GELEER HET

- Indien moontlik, deel die groot groep in twee groepe.
- Laat die groepe die volgende teksgedeeltes lees en kyk watter groep die meeste gawes uit die tekste in die volgende letterdoolhof kan identifiseer.
- Gee vyf minute, waarna die groepe mekaar help om al die gawes te identifiseer.
- Dit kan vertikaal, horisontaal, skuins op of af gesoek word.
- Daar is 13 gawes om te kry!

Teksgedeeltes: Romeine 12: 6-8; 1 Korintiërs 12: 8-11; 1 Korintiërs 12: 27-31



Gawe	Hoe dit lees
Onderskei (1 Korintiërs 12: 10)	Links van onder na bo
Gee (Romeine 12: 8)	Links van bo na onder
Kennis (1 Korintiërs 12: 8)	Bo van regs na links
Uitlê (1 Korintiërs 12: 28)	Bo van regs na links
Onderrig (Romeine 12: 7)	Bo van regs na links
Bemoedig (Romeine 12: 8)	Bo van links na regs
Hulp (1 Korintiërs 12: 28)	Bo van links na regs
Dien (Romeine 12: 7)	Skuins van bo na links onder
Tale (1 Korintiërs 12: 28)	Skuins van onder na regs bo
Leiding (1 Korintiërs 12: 28)	Skuins van bo na regs onder
Wysheid (1 Korintiërs 12: 8)	Skuins van onder na links bo
Profesie (Romeine 12: 6)	Skuins van bo na regs onder
Gesondmaak (1 Korintiërs 12: 28)	Skuins van onder na links bo

IETS OM IN DIE KLAS TE DOEN

Laat hulle die volgende saam doen:

- Verduidelik eers die aktiwiteit en verwagting voordat enige items uitgedeel word.
- Lê klem daarop dat hulle vir mekaar geleentheid moet gun om hul menings te gee.
- Indien moontlik, deel die groot groep in kleiner groepe van twee tot drie.
- Laat elke groep by 'n tafel of oppervlak staan of sit waar hulle ongeveer 'n halwe vierkante meter spasie het.
- Deel nou aan elke kleingroep 100 stafies rou spaghetti uit en tien malvalekkers.
- Die opdrag is om binne vyf minute 'n struktuur op te rig wat so hoog moontlik van die oppervlak (vloer of tafel) staan.
- Die idee is om die stafies as boumateriaal te gebruik en die lekkers as hegmiddel.
- Die struktuur kan enige vorm aanneem, maar moet by voltooiing sonder menslike hulp self kan regop staan. As dit omval voordat die aanbieder dit kon meet, is die span gediskwalifiseer.
- Die groep wie se struktuur die hoogste is, wen die kompetisie. Gebruik die maatband om die wenners te bepaal.

Na afloop van hierdie aktiwiteit, lei 'n bespreking oor die volgende:

- Het julle opgelet dat daar in elke bouspan verskillende gawes na vore getree het toe julle die opdrag ontvang het?
- Wie was die ontwerpers? Wie was die bouers? Wie het die leiding geneem? Wie het moontlike probleme raakgesien? Wie het aanhou probeer toe daar 'n terugslag of teleurstelling was? Wie het die aanmoediging gedoen? Wie het die spanning die beste hanteer?
- Was daar ander eienskappe wat julle in jul spanmaats gesien het?
- Wat het hierdie aktiwiteit julle geleer oor verskillende mense met verskillende gawes wat in een gemeente saamgevoeg is?
- Sou julle sê dat verskillende gawes wat saamwerk meer effektief of minder effektief is? Motiveer jul antwoorde.

HIERDIE WEEK IN HUL WÊRELD

RADIKALE DISSIPELSKAP

- Laat hulle gedurende die week in hul stiltetye gaan nadink oor die gawes wat die Gees vir hulle gegee het.
- Laat hulle veral dink aan die verskillende tipes gawes en dit in die blokke neerskryf.

Aangebore gawes

Aangeleerde gawes

Gawes uit gebeure of ervaring

- Laat hulle by www.nhka.org gaan kyk vir ander interessante inligting oor hierdie tema.

HULLE KRY HULSELF PARAAT

- Laat hulle 1 Korintiërs 12: 31 – 13: 2 gaan lees en die vraag beantwoord.
- Watter gawe is die beste, die allerbeste, waarsonder alle ander gawes jou niks baat nie? (*Liefde.*)

*Lê julle toe op die **beste** genadegawes. Nou wys ek julle wat nog **die allerbeste** is: Al praat ek die tale van mense en engele, maar ek het geen liefde nie, het ek 'n stuk klinkende metaal, 'n galmende simbaal geword. Al het ek die gawe van profesie en ken ek al die geheimenisse en besit ek al die kennis, en al het ek al die geloof om berge te versit, maar ek het geen liefde nie, dan is ek niks.*

- Laat hulle die volgende hul eie maak en dit uit die kop gaan leer:

Al het ek die gawe van profesie en ken ek al die geheimenisse en besit ek al die kennis, en al het ek al die geloof om berge te versit, maar ek het geen liefde nie, dan is ek niks. (1 Korintiërs 13: 2)

BELANGRIK

- Die jongmense moet seker maak dat hulle met elke aanbidding hul Bybels saambring.
- Kyk vandag reeds wat jy vir die volgende aanbidding nodig het en wat jy moet voorberei.

AFSLUITING

Laat een van die jongmense in die groep met 'n gebed afsluit.